Ges. 2 : 1, 4.
Ges. 52 : 2, 8.
Ges. 120 : 4

## Die Vrug v.d. Gees.
## Gal. 5

[Danks. Wt. 22 Junie 1941.]

Gal 5 : 22 : - Maar die vrug v.d. Gees is liefde, blydskap, vrede
lankmoedigheid, vriendlikhd, goedhd, getrouhd, sagmdh,
selfbeheersing.

Aan een v.d. groot Univ<sup></sup> v.d. wêreld het groep studente
v. versk. lande 'n tyd gelede saamgekom by 'n konferensie
om te bespreek watter mag op die lang duur die
wêreld gaan oorwin. // Heel a.d. begin een v.d. studente
opgestaan & gesê: „Laat ons tog dadelik die X/dom uit-
skakel as een v.d. magte want d. gesk. v. w/d bewys
dat dit alleen deur geweld en haat en [lis] onderdrukking
is dat 'n mens êrens kom en iets uitrig – en die
X/dom beweer net die teenoorgestelde". (Gal 5 : 22)
→ Godsd. van swakkelinge: sent. soetsappig!
Hoe skerp staan hd. woorde v. Paulus nie kontras
met dd. opinie, nie alleen v.d. student nie, mr.
ook van soveel duisende mense v. v/dag, onder
wie daar baie is wat hulle X'tene noem! En
tog staan ons v/d voor die nare werklikheid dat in
baie opsigte gevoelens van haat en geweld en woede
verheerlik word as die [bewys] teken van 'n sterk man en
'n sterk volk terwyl die deugde van liefde, blyd-
skap, vrede ens. bestempel word as dié van 'n
swakkeling!

Hd. gedagtegang v. ons tyd skep 'n tweestryd
in die hart v.d. X'ten omdat hy vir homself
afvra: {Is die X/dom uitgedien? Is daar ander dinge wat hier is?
Kan ja. hoe nou? Wat is die waarheid?

En waar ons die hele afgelope tyd stilgestaan het
by die gedagte v.d. [uitstorting] werking van Gods Gees in
ons harte en verlede Sondag ons herinner aan a.
dd. Gees vlgns betekenis het aan die Nagmaaltafel
daar wil ons nou vanmôre onder 'n aandag bring
wat die vrugte [moet wees] is v dd. werking van Gods Gees in
ons harte en lewe. (Gal ~~5 : 22~~

Geen swakheid – vra die hoogste – eis die meeste!
Paulus skyne hier a.d. Galatiërs en in hd. gedeelte stel
hy baie skerp en kragtig die uitdaging wat die Ev.
bring. Adck: stel hy die werke v.d. vlees, die in-
vloed v.d. Bose in die lewe v.d. mens – ddak die
vrug v. die Gees, invloed v God → skilder die twee-
stryd wat vir altyd woed in die hart v.d. mens:
– Stryd tussen goed en kwaad
– " tussen die werke v.d vlees + die vrug v.d Gees
Beeld: " " die mag v God + d. mag v.d Bose.
Sien laaste as ontkenn – eerste as positiewe vrugte
En as hy die vernietigende uitwerking v.d. werke v.d.
en mens geskilder het (ontkenn) dan eindig hy
om aan te dui wat die uitwerking is in 'n
mens se lewe as God inkom (Gal 5:22)
As ons teksvers lees dink ons aan:

I Die Behoefte a. hd. Vrug in die Mens se Lewe
II Die Aard v dd. Vrug
III Hoe moet die Boom wees wat sulke Vrugte dra?

I Die Behoefte aan hd. Vrug in die Mens se Lewe:

Hd. tweestryd tussen vlees en Gees, die mag v. Bo en die Mag v Bo wat Paulus hier skilder is nie vir hom maar net 'n interessante verskynsel wat hy wil beskywe nie. // Alleen 'n man wat iets v. dd. stryd tussen goed + kwaad in sy binneste gevoel het en deurleef het kan so skywe. Hom ook dat hy kan praat van hd. vrug v.d. Gees v God as die oorw. behoeft iets v.d. heerlikheid en volheid omdat hyself v. dd. werking van Gods Gees in sy hart deur gemaak het.

En hy noem hd. vrug v. Gods Gees aan die Gal. omdat hy besef dat hulle, ms hy, behoefte het aan dd. dinge: liefde, blydskap, vrede ens. Vir 'n tyd mag hulle miskien bekoor word deur sulke dinge soos twis en tweedrag en onenigheid, ongebondenheid, mr. op die lang duur is dit nie die



dinge wat die mens bevredig nie. Dan begin die mens soek na die dieper dinge.

Ons hoef mr net te dink aan die wêreld + die gees van vdag om te besef: Hoe waar bly dit nie! Al sou die wêreld ook vandag anders dink en sê en doen – mr op die lang duur moet almal erken: die mens soek na hd. vrugte v.d. Gees v God: liefde, blyds. vrede, lankmd, vriendl., goedhd. // En wie is daar van ons wat sal ontken dat d. mensdom v.vdag behoefte het aan meer liefde, vrede, blydskap, meer wat sal wil ens.? // Sal daar een v ons wees wat sal teëspreek dat die mens se lewe baie gelukkiger en aangenamer sal wees as daar net 'n bietjie meer omgee liefde, blydskap vrede. ~~goedheid~~ lankmd. vriendl. goedhd, sagmd ens. aan ons lewens kom. Hoe anders sal alles nie wees nie? // Hoe anders sal alles nie wees as ons net 'n druppel v. hd. gawes v Gods Gees kan besit en elke dag kan uitleef?

Die wêreld, die mens, ja elkeen van ons het behoefte aan hd. dinge – ons kan daarsonder nie lewe nie! // Mr. ons kan dit nie ontvang as ons nie verstaan wat die aard is v dd vrug nie. Hom: Dis ons sielevoedsel – d/sonder sterwe ons gees in ons.

II Die Aard v Dd Vrug:

Paulus noem hier nege eienskappe wat die vrug v.d. Gees v. God kenmerk: liefde, blydskap, vrede – lankmd, vriendelikhd, goedhd – getrouhd, sagmd, selfbeheersing. Ons hoef mr. net 'n oomblikkie d/na te kyk om te sien dat hier 2 dinge is wat ons tref:

(1) Paulus sien die uitwerking van Gods Gees nie as aparte afgesonderde dinge nie mr as een groot aaneengeslote eenheid. Hom praat hy nie v.d. vrugte v. Gods Gees nie, mr v.d vrug

asof hy almeer wil te kenne gee dat ons hier te doen het met 'n boom wat wel baie takke het en baie vrugte dra mr in wese almal v dies. boom kom en tog mr. dies. vrug is en bly. Hy beklemtoon dus die waarhd dat as die mens sy hart oopstel vir Gods gees dan werk dd. Gees van God nie alleen liefde en blydskap & vrede nie mr ook lankmd. vr., goedhd, getr.d, sagmd, selfb.g /. Dis die een boom wat die baie vrugte dra: waar die Gees v God dus besit neem van 'n mens se lewe daar kan sowel al hd. gawes ons deel word.

2) Tweede ding: Die drieledige aard v hd. vrug wat P. hier beskrywe. - So sien ons dat ~~Paulus~~ die beskrywinge vd. vrug v. Gods Gees wat Paulus hier gee verdeel kan word in 3 afdelings:

a) liefde, vrede en blydskap wat betrekking het op ons verh.g tot God

b) lankm.d, vriend.a, goedh.d wat betrekking het op ons verh.g tot ons medemens

c) Getrouhd, sagm.a, selfbeheersing wat betrekking het op ons verh.g tot ons innerlike lewe, ons self.

Kom let eers op die eerste 3 kenmerke vd. vrug van Gods Gees:

(a) verh.g tot God: In hd. 3 dinge: liefde, blydskap, vrede lê alles opgesluit: dis die kern v.d. ~~[illegible]~~ vrug. Vooraan staan die liefde tot God, as die lewenssap wat opstyg uit die wortel en die hele boom sy lewe gee. / Waar die liefde nie is nie, is daar geen lewe nie / Daarom dat Paulus die liefde tot God hier stel as die eerste vrug v. d. Gees.



Op die liefde volg blydskap wat ook 'n gevolg (uitvloeisel) is v.d. liefde: want waar iemand eenmaal 'n besef gekry het v. wat die liefde v God waarlik is, daar kom daar blydskap in so 'n hart om te besef: dit is wat God vir my omgee.

En so volg op liefde & blydskap die vrede omdat die mens wat Gods liefde gesmaak en sy blyds. ondervind het vrede in sy hart het ~~[illegible]~~: die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Laat mens hd. vrede verkeerd sien en verstaan nie - ~~dis nie~~ vrede is nie mr net die afwesighd van moeilikhede nie, mr die diepe blywende vrede wat die mens se hart smaak temidde van storm & stryd omdat hy altyd weet: God het my lief - Hy sorg vir my: daarom het ek blydskap en vrede!

b) verh.g tot medemens: Mr. die lewe wat ons in God geniet het moet ook uitbrei na ander: dit mag en sal nie net by onsself bly - moet ons hele lewe & optrede be-invloed - ons hele lewe kleur. Daarom noem P. die volg 3 kenmerke v.d. vrug v Gods Gees wat ons verh.g tot ons naaste raak: lankm.d, vr.g, goed ~~asook~~ Daarop stel P die groot ding van lankm.d. ~~haast~~ v.d. liefde, in teenstelling met die ongeduld & haast-humeur en opvl. geaardhd wat so baie mense se karakters ontsier. Dis eers wanneer 'n mens besef gekry het v. Gods lankmd met d. mens dat hy genade ontvang om iets daarvan in eie lewe te kry.

Dan volg die ander twee: vriend.a & goedhd - vr.a as die innerlike gesindhd van die hart en goedhd as die uiterlike betoning en uitlewing daarvan teenoor alle mense. Dit sê P. moet ons hele optrede en lewe teenoor ons naaste kenmerk: lankmd met ander se swakhede & tekortkominge, vrid & goedhd teenoor ander, altyd gedagtig aan die vr.a & goedhd wat God aan my, swak sondaar, betoon!

c) verh.g tot self:

So sluit Ek die lys af met die kenmerke wat te doen het met ons eie innerlike sielelewe; getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing : getrouheid waar dit ons verpligting teenoor ander raak; sagmoed + nederigheid ... ek my eie swakhede besef; en as uitvloeisel daarvan selfbeheersing – die vermoë om my eie drifte en gevoelens in toom te hou en te beteuel om Jesus K. ontwil!

→ Watter wonderlike vrug v.d. Gees! Hoe moet so 'n lewe nie wees nie! Watter vreugde om so iemand te ken en sy lewe deelagtig te word! Is dit die vrugte wat ons lewensboom dra?

III. Hoe moet die boom wees wat sulke vrugte dra?

Elke boer wat met bome werk sal weet dat daar sekere vereistes is wat in ag geneem moet word as die boom sy vrug moet dra. So let elke verstandige kweker daarop: Dat:

① Die boom moet reg ge-ent wees: Dit help nie om 'n wilde struik te plant nie – hy kan nie vrug dra nie, of as hy dra: wilde vrug. En daarom sorg elke verstandige kweker dat die mak loot op die wilde loot ge-ent is om so die beste groeikrag en regte vrug te gee.

Net so met die lewensboom van Gods Gees in ons harte wat ge-ent moet word op die wilde lote van ons ou onbekeerde lewe as ons die vrug v.d. Gees wil dra. Voor die nuwe lewe nie eers inge-ent is op die ou loot nie kan ons geen vrug dra nie. Is ons seker dat ons lewensboom reg ge-ent is? Of is ons lewes nog wilde lote – werke v.d. vlees?

② Die boom moet reg geplant wees: So sal elke verstandige boer daarop let dat sy bome die a) regte klimaat kry – dat hulle staan in die regte omgewing, dat hulle geplant word waar hulle kan groei. Niemand sal 'n appelkoosboom gaan plant in die woestyn

Dan moet: ① goeie klimaat ② goeie grond

7

of 'n wingerdstok in die sneeu – elke boom moet geplant wees waar dit kan aard.

So ook met die boom v Gods Gees wat alleen kan groei in ons harte as dit daar die regte atmosfeer, die regte omgewing aantref. As die gees en gesindheid van ons harte nie reg is nie kan Gods Gees onmoontlik daar aard!

b) Maar as die boom reg geplant wil wees moet dit nie alleen die goeie klimaat hê nie – dit moet ook op goeie grond staan – dit moet staan waar hy voeding uit die bodem kan haal – sy wortels moet kan afsak na die diepte. Daarom dat dit nie lonend is om vrugtebome te plant op dik rotsbanke of groot klippe nie: daar is geen krag in die grond!

Hoeveel meer kan is dit nie waar van die boom v Gods Gees as dit vrug moet dra in ons lewes! God vra van ons dat ons dit sal plant in die regte grond waar die wortels kan afsak na die diepte. So moet ons lewes geplant wees aan waterstrome met dit wortels aan groot waters, wortels wat kan afsak na die diepte! – krag, voeding [illegible]. So sê God aan ons dat ons lewe nie eensins gewortel moet wees in ons verlede, in ons tennis, in ons stand, in ons beskawing nie – dis almal sy-wortels in klipgrond (kan nie storms weerstaan) as ons lewe waarlik vrug wil dra moet dit afsak na die diepte: gewortel wees in God!

③ Die boom moet reg versorg wees: Die boom wat vrugte moet dra moet sy bemesting, sy reën, sy grondbewerking kry op sy tyd → so met Gods Gees wat in ons versorg moet word en gevoed moet word deur ons gebed, ons gemeenskap met God, + ons omgang met Sy kinders. So alleen

Maar Gods Gees in ons word soos „'n boom geplant by waterstrome, wat sy vrug gee op sy tyd, en waarvan die blare nie verdroog nie — en alles wat hy doen voer hy voorspoedig uit."

Amen.